INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

**Insig 6 Insight 6**
**2016/09/09**

# KRITERIA VIR PROGRESSIE IN GRADE 10-12

**T**er uitbreiding van 'n vroeëre nuusbrief (Omsendskrywe E35 van 2015 - kliek hier om na dokument te kyk) het die Departement van Basiese Onderwys onlangs 'n nuwe skrywe versprei, naamlik **Omsendskrywe E22 van 2016** (kliek hier om na dokument te kyk).

**Al die kriteria** soos vroeër genoem is steeds van krag. Vir u gerief word die volgende veranderinge uitgelig:

- Die leerder moet die taal van leer en onderrig (LoLT) slaag, asook 3 van die 7 vakke deur die leerder aangebied (Lewensoriëntering ingesluit). Indien die huistaal ook die taal van leer en onderrig is, slegs vir die doeleindes van hierdie kriteria, sal 'n punt van 30% aanvaarbaar wees (normaalweg 40%).
- Slegs leerders wat by wyse van die beginsel van Progressie graad 12 bereik (van Graad 11 na Graad 12), sal die geleentheid hê om gebruik te maak van die Veelvuldige Geleentheid tydens die skryf van die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen. Sulke leerders kan kies om al ses vakke te skryf of minder, na aanleiding van prestasies wat tydens die Rekordeksamen behaal is. Die oorblywende vakke word dan tydens die Junie eksamen in 2017 geskryf.
- Skoolhoofde moet verseker dat daar deurlopend met ouers en leerders tydens die verloop van die proses gekonsulteer word.
- Dit word verwag van die Provinsiale Onderwys Departemente om hierdie proses te verifieer.

## PROMOSIE, PROGRESSIE EN KONDONERING

Dit gebeur steeds dat sekere distrikskantore eise stel ten opsigte van bogenoemde waarvan die uitvoering van die instruksies sal meebring dat bestaande beleid en omsendskrywes verontagsaam word.

**Die SAOU versoek dat indien dit gebeur, onderwysers, hoofde of departementshoofde daarop sal aandring dat sulke instruksies op skrif deurgegee sal word.**

Beleidsdokumente en omsendskrywes in die verband sluit in: NPPPR (Nov 2015); Guideline for the implementation of Promotion and Progression for Grades 10-12 (2015); Criteria for the Implementation of Progression in Grades 10-12. Hierdie dokumente is op die SAOU se webwerf beskikbaar (www.saou.co.za).

Lede word ook weer herinner aan die spesifieke prosedure wat gevolg moet word in terme van die **punte aanpassing in die senior fase (Grade 7-9)** wat teen die einde van die akademiese jaar moet plaasvind. Om te kyk na die Nasionale Assessering Omsendskrywe Nr. 3 van 2015 (kliek hier).

## FORMELE ASSESSERING EN DIE OPSTEL VAN VRAESTELLE




Tydens die opstel van vraestelle is dit belangrik om te let op die voorgestelde kognitiewe vlakke soos in die KAV (CAPS) dokumente vir die verskillende vakke aanbeveel word. Dit is noodsaaklik om leerders eerder vroeër as later aan kritiese denke, wetenskaplike beredenering en stategieë om probleme op te los, bloot te stel . Vir die meeste vakke word drie of vier kognitiewe vlakke voorgestel wat onder andere van Bloom se Taksonomie afgelei is.
Om meer te sien aangaande **Bloom se Taksonomie** kliek hier.

INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

**Insig 6 Insight 6**
**2016/09/09**

# CRITERIA FOR PROGRESSION IN GRADES 10-12

To expand on the information in an earlier newsletter (Circular E35 of 2015 - click here to view the document), the Department of Basic Education recently distributed a new circular, namely **Circular E22 of 2016** (click here to view the document).

All the criteria are still valid. For your convenience, the following changes are highlighted:

- The learner must have passed the Language of Learning and Teaching (LoLT) and any three of the seven subjects offered (Life Orientation included). If the Home Language is the LoLT, then only for the purpose of this criteria, a 30% mark will be accepted (normally 40%).
- Only Progressed learners (from Grade 11 to 12) are allowed to choose the Multiple Examination Opportunity option when writing the NSC examinations. This implies that progressed learners after the preparatory examination, and based on their performance in this examination, may choose to write all six subjects or less in the November 2016 examination. The remaining subjects will be written in the June examination in 2017.
- Principals must ensure that the parents and learners are continuously consulted during the course of the process.
- It is expected that the Provincial Education Departments verify this process.

## PROMOSION, PROGRESSION AND CONDONATION

It still happens that some district offices make demands in respect of the above which may result in existing policies and circulars being ignored when instructions are executed.

**The SOAU requested that if this happens, teachers, principals or head of departments must insist that instructions be given in writing.**

Policy documents and circulars in this regard include: NPPPR (Nov 2015); Guideline for the implementation of Promotion and Progression for Grades 10-12 (2015) and Criteria for the Implementation of Progression in Grades 10-12. These documents are available on the SAOU website (www.saou.co.za).

Members are also reminded of the specific procedure to be followed in terms of t**he adjustment of points in the Senior Phase (Grades 7-9)**, which must take place by the end of the academic year. To view the National Assessment Circular No. 3 of 2015 (click here).

## FORMAL ASSESSMENT AND THE DRAFTING OF QUESTION PAPERS




While drafting question papers, it is important to note the proposed cognitive levels as contemplated in the CAPS documents for the different subjects. It is essential to expose learners to critical thinking, scientific reasoning and solving problems, sooner rather than later. For most subjects there are three or four cognitive levels derived inter alia from Bloom's Taxonomy.

To see more about **Bloom's Taxonomy** click here.